**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr. : 789/2006

In die hersiening van:

**DIE STAAT**

en

**DIRK SAMUEL SELETENG**

---

**CORAM:** VAN DER MERWE, R *et* VAN ZYL,R

---

**UITSPRAAK:** VAN DER MERWE, R

---

**GELEWER OP:** 28 AUGUSTUS 2006

---

[1] Die beskuldigde in hierdie saak is in die landdroshof aangekla van oortreding van artikel 2(1) van Wet no. 29 van 1990, deurdat hy wederregtelik en opsetlik in besit was van ‘n gevaarlike wapen, te wete ‘n selfgemaakte mes. Die beskuldigde is skuldig bevind soos aangekla en gevonnis tot 18 maande gevangenisstraf ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(i) van die Strafproseswet, no. 51 van 1977.

[2] Wet no. 29 van 1990 heet die Wysigingswet op Gevaarlike

Wapens en het kragtens artikel 2 daarvan die bepalings van artikel 2 van die Wet op Gevaarlike Wapens, no. 71 van 1968 vervang. Sedertdien is die bepalings van artikel 2(1) van Wet no. 71 van 1968 weer vervang deur die Wysigingswet op Gevaarlike Wapens no. 156 van 1993. Hieruit blyk, soos die landdros ook by navraag bevestig, dat die beskuldigde skuldig bevind behoort te gewees het aan oortreding van artikel 2(1) van Wet no. 71 van 1968.

[3] Artikel 2(1) van Wet no. 71 van 1968 bepaal soos volg:

> "Iemand wat in besit is van 'n gevaarlike wapen, of van 'n voorwerp wat so na 'n vuurwapen lyk dat, onder omstandighede soos dié waaronder so iemand in besit daarvan is, dit waarskynlik vir 'n werklike vuurwapen aangesien sou word, is aan 'n misdryf skuldig, tensy hy kan bewys dat hy te gener tyd die bedoeling gehad het om sodanige wapen of voorwerp vir 'n onregmatige doel te gebruik nie, en is by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens 2 jaar."

[4] Dit blyk dus dat ingevolge hierdie wetsbepaling 'n werklike bewyslas op 'n beskuldigde geplaas word om te bewys dat hy nooit die bedoeling gehad het om die betrokke wapen vir

'n onregmatige doel te gebruik nie. Selfs indien dit wat die beskuldigde ingevolge hierdie wetsartikel moet bewys, neerkom op 'n verweer eerder dan 'n element van die misdryf, kom dit my voor strydig te wees met vermoede van onskuld vervat in artikel 35(3)(h) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika. Sien **S v COETZEE AND OTHERS** 1997 (3) SA 527 (KH) para 30 tot 44, 60, 137 en 187 tot 190. Ek gaan nie verder hierop in nie, aangesien dit in die afwesigheid van getuienis of volledige argument hieromtrent onwenslik sal wees om so te doen en aangesien ek in ieder geval, vir die redes wat volg, van oordeel is dat die beskuldigde nie 'n billike verhoor gehad het nie. Hierdie benadering kom my voor om in ooreenstemming te wees met wat gesê is in **ZANTSI v COUNCIL OF STATE, CISKEI, AND OTHERS** 1995 (4) SA 615 (KH) para 2 tot 5.

[5] Die beskuldigde het verkies om sy eie verdediging waar te neem by die verhoor voor die landdros. Hy het op die ten laste gelegde aanklag skuldig gepleit. By ondervraging het hy egter gesê dat hy die betrokke mes besit het omdat hy dit

gebruik het om ‘n skaap te slag. As gevolg hiervan is ‘n pleit van onskuldig vir die beskuldigde genotuleer en ‘n polisiekonstabel as ‘n getuie vir die vervolging geroep.

[6] Gemelde staatsgetuie het getuig dat hy op die betrokke dag saam met andere besig was met misdaadvoorkoming as gevolg daarvan dat daar op die vorige twee dae probleme met bendes was. Hy het getuig dat toe die beskuldigde die polisievoertuig gesien het, die beskuldigde weggehardloop het. Hy het die beskuldigde agterna gesit en hom gevang en gevind dat die beskuldigde in besit was van ‘n selfgemaakte mes wat voor by sy broek ingedruk was. Hierdie mes was in totaal ongeveer 28cm lank, gemaak van sink en by die hef toegedraai met rubber. Hy het voorts getuig dat die beskuldigde geen verduideliking aan hom gegee het vir die besit van die mes nie en ook dat dit sy mening is dat die mes nie van ‘n tipe is wat gebruik kan word om mee te slag nie. Die beskuldigde se kruisverhoor was kort en nie gemik op die essensiële aspekte van die getuie se getuienis nie.

[7] Na sluiting van die staatsaak het die landdros die beskuldigde se regte aan hom volledig verduidelik. Die landdros het egter nie onder die aandag van die beskuldigde gebring dat daar 'n bewyslas op hom rus om te bewys dat hy te gener tyd die bedoeling gehad het om die mes vir 'n onregmatige doel te gebruik nie. Na hierdie verduideliking het die beskuldigde verkies om homself te verdedig, soos hy dit gestel het, maar op die daaropvolgende vraag van die landdros of hy onder eed wil kom getuig, ontkennend geantwoord. Hy het by navraag deur die landdros bevestig dat hy die verduideliking van sy regte verstaan het en verkies om te swyg.

[8] Dit is al herhaaldelik deur die howe bevestig dat daar 'n plig rus op voorsittende beamptes om sorg te dra dat onverdedigde beskuldigdes ten volle ingelig is en dat die versuim om so te doen in 'n gepaste geval daartoe kan lei dat die beskuldigde nie 'n billike verhoor gehad het nie. Dit is besonderlik so in gevalle waar vermoedens teen die beskuldigde in werking kan tree en waar 'n bewyslas op die

beskuldigde mag rus. Sien **S v MAGWAZA AND OTHERS** 1976 (4) SA 281 (N), waar dit juis gegaan het oor die onderhawige artikel, soos dit destyds bepaal het, en onder andere die volgende gesê is op 282 E – F:

> "In the present case, where there is or may be a statutory *onus* upon the accused, a very heavy responsibility is cast upon a judicial officer presiding at a trial, for it is his responsibility to ensure that the accused is fully cognisant of the provisions of the Act, and is fully aware of the nature of the defence which, if he wishes to escape conviction should put before the court."

[9] In die onderhawige geval bevat die klagstaat wel 'n verwysing na die bewyslas van die beskuldigde. Ek is egter in al die omstandighede van hierdie geval nie tevrede dat gesê kan word dat die beskuldigde ten volle bewus was daarvan dat 'n bewyslas om hom gerus het om te bewys dat hy nie die bedoeling gehad het om die mes vir 'n onregmatige doel te gebruik nie. Veral in die lig van die weifeling van die beskuldigde aangaande of hy onder eed moet getuig of nie, is ek nie tevrede dat hy 'n billike verhoor

gehad het nie. Die feit dat die beskuldigde daarna tydens geleentheid om te betoog voor uitspraak gesê dat hy van oordeel is dat hy skuldig is op die aanklag, maak myns insiens nie ‘n verskil aan hierdie gevolgtrekking nie. Hierdie mededeling is gemaak feitlik onmiddellik na die onsekerheid van die beskuldigde oor of hy moet getuig of nie en neem nie die aangeleentheid verder as sy aanvanklike pleit van skuldig, wat na onskuldig verander is nie.

[10] Gevolglik word die skuldigbevinding en vonnis ter syde gestel.

**C.H.G. VAN DER MERWE, R**

Ek stem staam.

**C. VAN ZYL, R**

/em